

Vrydag 20 Julie

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 2:1-11;
Romeine 1:28-32**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:9-11;
Heidelbergse Kategismus 40:106**

“Wees my, arme sondaar, genadig”

Dalk dink jy dat jy nog nooit iemand vermoor het nie, en dus onskuldig ten opsigte van die sesde gebod staan? Dis egter nie so maklik nie. Moord, om iemand leed aan te doen, is die eindresultaat van 'n grief of stuk haat, jaloesie of afguns wat jare lank vertroetel word in die binneste.

“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: Jy mag nie moord pleeg nie”, sê Jesus, maar wie vir sy broer (naaste) sonder rede kwaad is of hom verwens, is net so skuldig aan oortreding van hierdie gebod as hy wat die lewe van 'n ander weder-regtelik ontnem. Die gesindheid van die hart stel Christus in sy bergpreek (Matteus 5) ge-lyk aan die daad.

Oordeel ons nie maklik oor ander nie? Sien dalk die splinter in die oog van die broer en suster, maar nie die balk in die eie oog nie? Of loop en skinder en kwaadpraat? Vertel graag 'n sappige storie oor die sonde wat die naaste gedoen het en sit nog 'n ekstra ster-tjie by? Kritiek ... ons lewer graag kritiek, maar verdra nie kritiek teen onself nie. Wie sê dat hy 'n gelowige is, word geroep om die naaste lief te hê soos homself. En ons is baie lief vir onself!

Wie is nie skuldig aan 'n liefdelose gesindheid teenoor ander mense nie? Wie het altyd met 'n opregte hart volkome lief? Sal ons dan nie bid: “O God, wees my, arme sondaar, genadig” nie?

Sing: Psalm 116-1:1, 5; Skrifberyming 9-2:1, 6

Ds. JF (Koos) Mouton (Potchefstroom-Mooirivier)